

# 2 Makkabeërs 6:24–30

## 2 Makkabeërs 6:24-30

Hier is 'n derde deel uit die Ou-Testamentiese apokriewe waarna ons kyk.

In die Bybel (bv. Johannes 10:11vv of 15:12-14) hoor ons dat dit goed kan wees as iemand vir iemand anders sterf, doodgewoon omdat hulle vriende is of aan mekaar behoort. Hy hoef nie eers noodwendig die ander persoon se lewe te red nie. Hy doen dit net vir hom of haar... Hier is een van die eerste verhale in die Jodedom wat die gedagte dat iemand vir ander sterf beklemtoon. Jesus het so vir ons gesterf. Die vroeë Christene het ook baie van Jesaja 53 gemaak. Die mense wou Eleasar dwing om onrein vleis te eet. Hy wou nie en omdat hulle so baie van hom gehou het, het hulle gesê hy moet net so maak. Dit wou hy ook nie doen nie. Kyk net wat hy sê:

*Eleasar was een van die belangrikste Skrifgeleerdes. Hy was reeds oud.*

*24: Hy het dit so verduidelik. "Dit sou nie by my ouderdom pas om toneel te speel nie. As ek dit doen sal baie jongmans dink dat Eleasar op sy negentigste jaar na 'n vreemde godsdiens toe oorgestap het. 25) Ek sou met die toneelspelery hierdie jongmans op die verkeerde spoor lei en dit net om 'n oomblikkie langer te leef. Watter skande en oneer sou dit net nie vir iemand van my ouderdom beteken nie? 26) Ek sou nou miskien die straf van mense kon vryspring, maar of ek nou lewe of dood is, ek sal nooit uit die hande van die Almagtige kan ontsnap nie. 27) Dus, die waardige ding vir 'n persoon op my ouderdom om te doen sou wees om nou dapper te sterf. 28) So sal ek vir die jongmans 'n edel voorbeeld nalaat, naamlik hoe om uit vrye wil en op 'n edel manier vir die gerespekteerde en heilige wette te sterf."*

Nadat hy dit gesê het, het hy na die stellasioe toe gestap waar hulle hom sou martel. 29) Die mense wat voorheen so vriendelik met hom gepraat het, het nou teen hom gedraai. Vir hulle het dit wat hy gesê het na malligheid geklink. 30) Net voor hy van al die slae dood is, het hy kreunend gesê: "Die Here, met sy besondere wysheid, weet dat ek hierdie dood kon vryspring. Tog byt ek vas onder die geweldige pyn van die houe waarmee hulle my slaan. Maar diep binne-in my is ek baie bly, omdat ek die Here eer en dien."

**Skrywer:** [Prof Jan van der Watt](#)